



MEDELYE

Ons is diep geraak deur die tragiese verlies van die Rabe-Hörstmann familie. Ons kan ons nie in so 'n situasie indink nie, maar in ons gebede en ons gedagtes loop ons die pad saam met julle.

Msimelelo Njwabane (28) of the class of 2005 died suddenly on 17 September 2009. He was a recipient of the Percy Qoboza-bursary. He was a journalist at City Press and Beeld before he moved to East London where he was a political journalist at Daily Despatch .



Thinking of tackling that evasive masters?

The application form can be found on: <http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Maties/English/How%20do%20I%20apply> There are three options for the M:

- 25 % research assignment and 75 % course work
- 50 % thesis and 50 % course work
- 100 % thesis.

For the first two options, you select your modules – see our website for information on the modules:

<http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/Joernalistiek/Homepage/Study%20with%20us/Programmes/MPhil>

After application you will be informed where to write the entrance examination, as this course is a selection course in terms of a Senate decision (alumni also have to fulfil this requirement).

The test is really to determine your research interests, etc (it is not similar to the BPhil thriller). A requirement for selection, among others, is to obtain 60 % for the entrance examination. You will be informed in October of the results – and of course, we look forward to have as many as possible alumni in our 2010 MPhil intake. Now is the time to give it a go!



The architect's drawing of the new building.

Janus personified

Literally and figuratively: great news from the Department!

Our 26 Crozier Street address will soon be “Janus personified” – looking back, as well as to the future. We will be starting – hopefully in October – with the building of a supermodern annexe behind our grand old Edwardian lady.

The annexe will consist of two storeys, and the main student entrance will be on the east side of the building. The ground oor will be a multi-purpose lecture hall as well as a “chill room” for the students. The top oor will house the multimedia newsroom with booths for video and sound editing.

The existing lecture room and newsroom will be converted into office space for our much needed master’s and doctoral students, as well as visiting scholars (and we get many requests).

At the moment all plans have been finalised, and contractors can start to tender.

Die nuwe gebou is die gevolg van ’n versoek wat hom oor agt jaar herhaal het: dat Crozierstraat 26 uit haar nate bars, dat dit rondom 20 honneursstudente in die pre-digitale era beplan is, ensovoorts.

Uiteindelik het die droom waargeword en sal ons hopelik volgende jaar kan daknatmaak in ’n gebou wat rondom ons behoeftes beplan is.

Die veeldoelige lesinglokaal sal plek hê vir 30 studente en daar gaan ’n lekker kuierplek vir studente wees. Die tweede vloer se geïntegreerde multimedialokaal gaan ’n groot verbetering wees op die bestaande opset waar ons die nuus/rekenaarlokaal onder het, en die oudio- en videoredigeersuites in die solder.


Ons agterplaas-kuierplek word darem ook nie opgeoffer nie: die grootste deel van die gebou sal staan op die duurste parkeerplek vir vullisdromme op Stellenbosch (dié van die woonstelgebou langsaan).

We currently still select between 20 and 25 BPhil Journalism students per year; we have about 35 MPhil students in various stages of their studies, and five DPhil students (and a couple more in the pipeline). The students in the advanced degree programmes will be part of our “Mediafrika Centre”, a research hub with which we hope to make a significant contribution to the media in our country and on our continent.

The loft in our existing building also houses a number of offices, a tutorial room, as well as a committee room, which means our infrastructure should be able to support us for the next decade or so.

Which means it is about time that you start thinking of doing that master’s... It’s fun – we promise.

Lizette Rabe
26 Crozier Street



Alumnus publishes two new books

Science journalist Leonie Joubert, a MPhil-graduate of the Stellenbosch University Journalism Department, has two new books out.

Boiling Point: people in a changing climate considers what climate change means for some of the country's poor, particularly since they are most vulnerable to the kinds of environmental shocks that result from a shifting climate.

In the book, Joubert visited five communities around South Africa, to see how they lived in and depended on their environment, and then considers what a changing climate will mean for them.

The book visits a rooibos tea farmer in Nieuwoudtville in the Northern Cape, a traditional fisherman in Lambert's Bay on the Cape West Coast, a commercial maize farmer in the Free State, a community living on the banks of the mighty Msunduzi River in Pietermaritzburg, and a sangoma in Limpopo province.

Invaded: the biological invasion of South Africa was written in collaboration with Stellenbosch University's Centre for Invasion Biology. The book is a story about pollution... but not the more commonly reported oil spills, litter or filthy smoke-stacks. *Invaded* is about biological pollution – the plants and animals that have spread around the globe on the back of human movement, those that have traversed the boundaries of natural habitats and have begun to erode their new adopted environment.

In telling the story of biological pollution, Joubert documents, for scientist and layperson, the grave consequences of humankind's intended and unintended introduction of alien species into South Africa. This has seen some rivers lose their natural fish populations, the Cape Floral Kingdom's rare plants coming under increasing threat, sensitive renosterveld being reduced to a few isolated islands of resistance and dams and lakes being taken over by an umbrella of aquatic plants.

Invaded is, however, not a story of despair. Instead, the book gives a blueprint to encourage scientists to continue with their efforts to contain and eradicate invasive alien species.



Karlien Viljoen joined Afrikaans TV news team. Former radio and TV journalist Karlien Viljoen has replaced Suzaan Steyn, joining Terrance April and Riaan Cruywagen.

After 12 years in various capacities, she presented her first TV bulletin last night, Tuesday 20 May, at 19:00 on SABC2.

Viljoen was born in Pretoria and matriculated from Nico Malan High School in Humansdorp, Eastern Cape.

She obtained a BA degree in political science and history from the then University of Port Elizabeth in 1992 and added an honours degree in journalism from Stellenbosch University the following year.

She joined the Port Elizabeth office of the SABC as a radio journalist in 1994. Between 1996 and 1999 she compiled, produced and presented news bulletins and current affairs programmes for radio.

In 1999 she switched to television, doing both reporting and editing for news and various programmes. She resigned from the SABC in 2005 to do communications, copywriting and lecturing journalism.

In 2008 she rejoined the SABC as a bulletin writer on the Afrikaans TV news desk in Johannesburg, where she has also acted as bulletin editor.

Johannes [Jo]

Prins is op 30 April 1969 gebore in Universiteitsoord, Pretoria. Hy word groot op 'n wingerdplaas net



buite Stellenbosch. Hy studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal die grade HonsBJoern asook 'n MA in Afrikaans & Nederlands.

Hy reis veral in Oos-Afrika en besoek plekke soos die Ngorogorokrater en klim Kilimandjaro. Hy woon later twee jaar lank in Londen en werk o.m. as 'n aanlyn-aandeleverkoper. Met sy terugkeer na Suid-Afrika werk hy as joernalis vir Primedia in Johannesburg en in 2000 sluit hy aan by die redaksie van die *Beeld* in Johannesburg. Hy word in 2006 bekroon as rubriekskrywer van die jaar.

In 2001 debuteer hy as digter in Tafelberg se *Nuwe Stemme 2*. Hy dra ook by tot Protea Boekhuis se *As die son kom oogknip* en

die poësietydskrif *Karapaks*, die letterkunde tydskrif *Spilpunt* en Praag se "Winternag"-gedenkbundel getiteld *Honderd jaar later & Ons Klyntji*.

Van 2007 tot 2008 sien 'n poësie-rubriek die lig in *By* – met die naam "Leketaal", waarvan hy aan die stuur staan. Een van sy verse word in die *Groot Verseboek* opgeneem. In 2009 word hy bekroon as rubriekskrywer van die jaar in die ATKV se *Mediaveertjies* vir gedrukte media / koerante.

ATKV-Mediaveertjie. Gedrukte Media: Koerante Kategorie: Vermaak en Ontspanning: *Wegjoernalis Erns Grundling* word bekroon in hierdie kategorie vir *Hallelujah, meester Cohen* wat in *Die Burger* (BY) verskyn het. Die beoordelaars sê: "Hallelujah, Erns, vir jou meesterlike Leonard Cohen-storie. Hy vat jou al die pad saam Engeland toe en laat jou Cohen in volle glorie belewe."

Malene Breytenbach

is op 1 September 1948 in Port Shepstone gebore. Op ouderdom veertien het sy na Pretoria verhuis en aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool gematrikuleer.



Aan die Universiteit van Pretoria het sy die grade BA en BA(Hons) (Engels) behaal. Daarna het sy as vertaler gewerk. Sy en haar gesin het in 1985 na Stellenbosch verhuis waar sy verder studeer het en die grade Hons, magister en DPhil in Joernalistiek, MA (Ou Nabye Oosterse Studie) en MPhil (Antieke Studie) behaal het. Sy het van 1990 tot 2008 by die Universiteit Stellenbosch gewerk, in Openbare Betrekkinge, Kommunikasie en die Stellenbosch Stigting. Tans skryf sy voltyds.

In 2005 het sy gedebuteer met 'n romanse, *Palmyra herleef* by LAPA Uitgewers. Sedertdien het sy verskeie (plus minus 30) romanses (kontemporêr, medies en histories) by LAPA en Tafelberg/NB Uitgewers gepubliseer. Sy skryf ook vir Tafelberg romanses onder die skuilnaam Marilyn Bennett.

Sy het verskeie tydskrif-kortverhale en koerantartikels geskryf. Haar roman, *Gister is 'n verland*, wat gaan oor die oorlog en plaasonteiening in Zimbabwe, het pas by Tafelberg-uitgewers verskyn en sy is besig met 'n volgende een.



The Terracotta Army in Xi'an 1000 km from Beijing



The Forbidden Palace - Beijing.



Red Square with Lenin's mausoleum and Kremlin on the left in Moscow

JOURNALISM

making it work for you

Slipping champagne and snuggling into my fully extended business class seat while ying over central Africa, I was reminded of a snippet of advice.

"Make journalism work for you," advised Gwen Gill, the *Sunday Times* gossip columnist, while rinsing her hands in the toilets of the *Business Day* newspaper offices in Johannesburg.

I was about to leave my job at the *Business Day* and re-locate to Cape Town, and that was her parting shot to me.

That was almost 20 years ago. Looking back, I believe I have worked at carving a career in journalism, but I have also made the profession work for me. Let me count the ways.

Since writing the introduction above I have been to Ethiopia, Uganda and I am packing for Jordan. But that's not all.

After covering just about every story barring sport, motoring and maritime for

a radio station and four major English-speaking newspapers, I settled down to the health and science beat at the *Weekend Argus* - my last full-time post.

It was then in 1998, when I got a call from a former head of Pharmacology at the University of Cape Town, Professor Peter Folb.

He had read my stories, was a willing source and trusted my work. He said the World Health Organisation (WHO) was planning global training sessions for the monitoring and surveillance of vaccinations.

The world body wanted to understand how journalists work in the interests of creating better partnerships with the media. Their reason was to ensure, accurate and credible information gets out to the public so they can make informed choices about their health.

The impact of pseudoscientific thinking and inaccurate, sensationalist reporting threatens to derail immunisation

programmes, particularly in developing countries. My invitation to the WHO think-tank session in Cape Town led to my involvement in setting up training centres in Cape Town, Sri Lanka, Moscow and China. I developed materials and became lead media facilitator

In 2004, I wanted to reflect on what I had done and learned. The MPhil in Journalism gave me an opportunity to do so and two years later, I graduated with the degree specialising in science journalism.

As a freelancer, I now have several strings to my bow. I write and train journalists on how to approach science stories and scientists on how to deal with the media. I work for several organisations including the WHO.

The world map in my office, covered in pins is testimony to the over thirty countries I have visited, and more pins await placement.

Thanks Gwen, I took your advice to heart!



Ingrid Scholtz speel in die sneeu.

Avonture

van 'n joernalis-egpaar in België

As jou maatskappy wil dat jy trek, dan trek jy. En dus het ek saam met my man Leopold 'n nuwe lewe begin naby Brussel in België. Synde Nederlands van oorsprong, sou'n mens dink dat ek meteen sou tuis voel, maar België en die Belge is maar vir my net so buitelandse as Suid-Afrika dit destyds was. Ons bly in Overijse, net oos van Brussel.

Overijse is 'n taamlik groot munisipaliteit ("gemeente", sê die Vlaminge en Nederlanders, maar dit het niks met 'n kerk uit te waai nie). Die hoofdorp is so 'n 5-6 km van ons huis vandaan, maar die munisipaliteit bestaan uit 'n stuk of vyf dorpe, waarvan ons s'n een is. Sy naam is Jezus-Eik. Blykbaar het hier in die Middeleeue 'n eikeboom gestaan wat soos oubaas Satan gelyk het, en die plek het toe ook as Duiwelseik bekend gestaan. Maar op 'n goeie dag slaan die bliksem hier net langs 'n wandelende monnik in, en hy besluit toe: Dit was 'n wonderwerk, en dus moet die plek se naam Jezus-Eik word. Dis blykbaar sedertdien 'n bedevaartsplek waarheen mense kom vir wonderwerke. Of hulle wonderere aanskou, sal ek nie weet

nie. Hier is ewenwel 'n pragtige 17de-eeuse kerkie.

Gelukkig is die openbare vervoer hier wel uitstekend gereël. Vooraf kan jy jou reis heeltemal op die internet beplan, amper tot op die sekonde, soos 'n militêre operasie. Dis wat ek gedoen het. Die probleem is net dat die busbestuurders amper dreig om jou aan te rand as jy hulle vra om jou te waarsku as ons by dié of daai bushalte aankom. Veral as jy dit op Nederlands vra, want die meeste is Franstalig. Hulle kyk jou aan of die kat jou ingedra het. "Trois allées" (as my spelling reg is) – "drie haltes", was al wat hy my toegesnou het toe ek vra om by die Triomf aan afgelaai te word. As jy sou gesê het Rue de Triomphe, sou hy dalk effens vriendeliker gewees het.

Maar ook temidde van hierdie skitterende omgewing word jy vinnig weer met die roue werklikheid gekonfronteer. Ons is nou al meer as drie maande lank besig met die aanskaf van 'n kar; ons het lank voor ons vertrek daarmee begin. Maar jy val vas in 'n doolhof van amptelike reëls, regulasies, voorskrifte, beperkings,

waarskuwings, aanmanings – you name it, dis hier.

Die ooreenkoms tussen België (saam met lande soos Nederland en Duitsland) en SA is dat hulle almal in die reëls verstik. Die verskil is dat die reëls hier deur die bank afgedwing word en by ons net soms, maar dan só willekeurig dat jy nie weet waar jy aan toe is nie.

Ons gaan natuurlik weer stap – moenie bekommerd raak nie, ons werk baie hard - En daar slaan die skrik om jou hart dat hy amper begin bokspring. Nie oor bergies wat jou bedreig nie – hier in ons omgewing bestaan misdade nie – maar oor 'n dreigende kennisgewing: "Sluikstorter! U wordt gezien! Voor het storten van rommel geldt een boete van €743,47."

Ons breek ons daaroor. Nie oor die boete nie, maar oor die presiese bedrag. Nie €750 nie, maar €743 en 47c. Moenie die paar sent vergeet nie. Seker die een of ander amptenaar wat nie werk vir sy hande gehad het nie en roomiere in sy ... nou ja, julle weet wat.

Leopold en Ingrid Scholtz

Crozierstraat-studente in Salzburg

Met klokke wat lui in die agtergrond, majestueuse berge op die nabye horison en 'n kasteel as 'n tuiste het prof. Lizette Rabe en drie MPhil-studente verlede jaar met ander wêreldklas-joernalistiekskole bande gesmee.

Prof. Rabe en drie studente, Hebresia Present, Ilse Krige en Anri van der Spuy, het die Salzburg Global Seminar se jaarlikse konferensie oor Media and Global Change bygewoon. Dié program het 59 studente van 5 kontinente en 13 joernalistiekskole verwelkom na die beeldskone Schloss Leopoldskron, wat ook die film-tuiste van die Von Trapp familie in *The Sound of Music* (1965) was.

Studente het vir drie weke tydens Julie en Augustus 2008 gewerk aan 'n verskeidenheid projekte oor die media se rol en verantwoordelikheid om globale kwessies te ondersoek. Vryheid van spraak en mediageletterdheid het veral voorkeur geniet tydens die seminaar, en studente het ook 'n kurrikula saamgestel wat gratis aanlyn beskikbaar is om mense in staat te stel om dié kwessies meer effektief aan te spreek.

Die kurrikula fokus nie net op tradisionele media teorieë nie, maar kyk ook na hoe teorieë aangepas kan word om tred te hou met nuwe ontwikkeling en nuwe media. Die doel van die projek is om verantwoordelike wêreldburgers te skep wat regverdig en genoegsame toegang tot die media het; bewus is van die media se mag; weet hoe die media internasionale gebeurtenisse en probleme hanteer; die media se rol in die samelewing respekteer; en bemagtig is om beter kommunikasie oor kulturele, sosiale en politiese grense te bewerkstellig.

Om meer te lees oor die Salzburg Global Seminar oor Media and Global Change, of die kurrikula wat studente ontwerp het te besigtig, besoek dié skakel: <http://www.salzburg.umd.edu/salzburg/new/>



'n Deel van die span van Afrika wat deelgeneem het aan die Salzburg Seminar. VLNR: Hebresia (Bibi) Present (Suid-Afrika), Anita Tibaasaga (Uganda), Aisha Sembatya Nakiwala (Uganda), Erasmus Junias (Namibië), Lizette Rabe (Suid-Afrika), Anri van der Spuy (Suid-Afrika), George Lugalambi (Uganda) en Ilse Krige (Suid-Afrika).

Professor Rabe en die drie US MPhil (Joernalistiek) studente wat saam Salzburg besoek het tydens 'n klasuitstap na 'n nabye meer. VLNR: Hebresia (Bibi) Present, Ilse Krige, Anri van der Spuy en Lizette Rabe.



Studentwees in Hamburg

Duitsland sal nooit vergaan nie, sê Erik Kirschbaum. Die burokratiese oerwoud wat Duitsland is, sal vir te lank nog besig wees om die papierwerk van sy eie einde af te handel.

Kirschbaum is ten spyte van sy van nie 'n Duitser nie. As Reuters se korrespondent in Berlyn vir die afgelope 30 jaar ken die Amerikaner Duitsland uit-en-uit.

Kirschbaum raak die en menige ander dinge oor Duitsland kwyt tydens 'n klasuitstappie van joernalistiekstudente. Hy is die enigste lid van die Bundespresse (die amptelike Duitse perskorps) wat bereid is om tyd af te staan aan 'n groep nagraadse twenty-somethings van regoor die wêreld. Dis 'n jaarlikse uitstappie en vorm deel van 'n jaarlikse uitruilooreenkoms wat Stellenbosch Universiteit met Hamburg Universiteit het. Een (soms twee) meestersgraad studente in die joernalistiek kry die geleentheid om vir een semester deel te neem aan die Erasmus Mundus Meestersprogram getiteld "Joernalistiek in Globalisasie". Dié program word geborg deur die Europese Unie wat beurse aan nie-EU studente gee om vir twee jaar in drie verskillende lande met ander EU-studente te meng. Sodoende dra dit by tot die idee van 'n geïntegreerde Europa, wêreld, heelal.

Tydens die laaste jaar van die program kom die wat gekeur is (van sover soos El Salvador tot Mombaa) Hamburg toe waar

'n paar uitruilstudente (soos ek) inval om 'n ekstra internasionale geur aan die kursus te gee. Naas die twintig wat reeds vir 'n jaar die program van die EU geloop het, het ek, uit Suid-Afrika, 'n Suid-Koreaan en 'n Meksikaan by die kursus aangesluit.

Enigiemand wat egter al vantevore na Duitsland getoer het, sal bekend wees met die duisende vorms en streng burokratiese riglyne wat gevolg moet word om jou voete in dié land te sit. Daarom meen Kirschbaum sal Duitsland tot in alle ewigheid besig wees om vorms te prosesseer. Om dan nog 'n nie-EU student te wees wat by 'n Duitse universiteit 'n nagraadse kursus slegs vir 'n semester klas te loop kan 'n nagmerrie wees. Tydens my tyd in Hamburg, die mooi Hansestad aan die Elberivier, het ek die administratiewe geboue van die universität beter leer ken as my eie universiteit.

Ek is aanvanklik geregistreer vir die omgekeerde kursus. Dit was my skuld. Met my aansoek het ek die eerste kursus gemerk wat die woord "journalismus" bevat het. Gevolglik het ek myself ingeskryf vir 'n gespesialiseerde Duitse kursus in "tradisionele joernalistiek", en nie die een wat in Engels aangebied word nie. As straf hiervoor moes ek alles wat outomaties vir my gegee is voor heraansoek doen: my studentekaart, my blyplek, my biblioteekkaart en natuurlik my rekenaaruimte. Kort-kort het ek e-

posse en briewe in 'n geel posbus gekry wat in lang Duitse woorde dinge vir my sê wat ek nie verstaan het nie.

Natuurlik is daar dinge in ander lande waaraan 'n mens moeilik gewoon raak. Maar vir 'n student wat gewoon raak aan 'n akademiese en administratiewe stelsel was dit nie soveel die eerste wêreld vervoerstelsel of die gehoorsame honde wat my omgeboul het nie, dit was die dinge wat 'n mens sou verwag universeel is. Dinge soos administratiewe beamptes.

Waar ons gewoon is aan boeke wat georganiseerd is volgens outeur, word boeke in Hamburg se biblioteek volgens die jaar waarin dit aangekoop is georden. Boeke word nie langs mekaar geplaas nie, maar bo-op mekaar. Boekrakke het nie nommers of kategorieë nie, dit het jare. Tekens hang uit die dak wat die 2000's aankondig. Die 1980's is in 'n vertrek wat ek nie eens kon opspoor nie.

My verstaan van Duits het verbeter te danke aan oorgeklankte TV en goeie vriende. Ek ontvang egter steeds vreemde Duitse-briewe in my e-pos en as Kirschbaum reg is, sal ek dit tot my dood toe nog ontvang. Vir my is dit nie omdat Duitsland so burokraties is nie, dis bloot omdat dit so 'n volledige kultuur het van alles so sorgvuldig doen. Alhoewel Duitsers nie veel beïndruk is as jy dit sê nie is dit tog nog waar: Deutschland ist doch über alles!

Ligdans

Deur Jeanne Els

In die lente van 2006 het 'n skakelaar in my kop uitgeskop en is 'n lig afgesit.

Dae tevore nog het ek in 'n roekelose klopdans, met 'n 140 persent werklading wat ek self toegelaat, selfs vertroetel het, die een spertyd na die ander nagejaag en steeds die reeds ver gevorderde tekens van uitbranding en depressie gesystap.

As SARIE se eens opgewekte leefstyl-redakteur het ek nou van fisieke en geestelike uitputting woordeloos voor my rekenaar uitgestaar. My vingers het geweier om verder te tik, dit het vir my gevoel die paar woorde op die skerm koggel my omdat my inspirasie en energie my in die steek gelaat het. Ek het in 'n verwoestende maalkolk afgetuimel en is kort daarna gediagnoseer met major depressiewe versteuring.

Vier maande lank het ek soos 'n zombie in die slaapkamer gelê, die gordyne dig toegetrek. Gespook teen angsaanvalle (ek is nie 'n angstige mens nie), my afgesny van mense, geglo ek het nie meer 'n toekoms nie. Gelowig ofte nie, ek was oortuig dit sou die beste wees om my eie lewe te neem, ook dié van my man van byna 25 jaar en ons twee tienerseuns.

Ooit weer 'n artikel of rubriek skryf, was vir my in daardie donkerte 'n onmoontlikheid, al was joernalistiek en skryf my passie – veral sedert ons derde Crozierstraat-klas in 1980 die voorreg van wyle prof. Piet Cillié as leermeester gehad het.

Maar kyk wat bring depressie en die lewe ... my tot stilstand. Hy gooi my op 'n afdraaipad, waar ek met genade en hulp uit die donkerte ontsnap. Ek leef van voor af met dubbele dankbaarheid in die lig. En besef ek wil nie net 'n boek skryf nie, ek móét hom skryf: *LIGDANS – depressievegters se verhale van hoop* (Lux Verbi, 2008, R99.95).

Herman doseer in Engeland

Herman Wasserman (klas van 1994) wat ook vir 'n paar jaar by die Departement klasgegee het doseer tans by Universiteit van Sheffield in Engeland. Hy is 'n senior lektor in joernalistiekstudies.

Die departement is die toonaangewende instelling vir die opleiding van joernaliste vir die Britse media, en bied ook verskeie MA-grade en PhDs aan. Hy doseer op die MA-vlak, en begelei doktorsale studente. Die vakke wat hy aanbied is Global Journalism, Journalism, Globalisation and Development en Ethics and Regulation.

Aangesien Sheffield 'n navorsingsuniversiteit is (een van die sg. Russell-groep), is daar ook sterk klem op navorsing. Hy is tans betrokke by 'n projek wat politieke kommunikasie in nuwe demokrasieë ondersoek, gelei deur Leeds Universiteit en befonds deur die British Academy.

Altesaam 8 lande het aan die studie deelgeneem. Sy boek oor Suid-Afrikaanse poniekoerante is ook onlangs voltooi en verskyn vroeg volgende jaar by Indiana University Press in die VSA.

Helena (klas van 1995), sy vrou, werk aanlyn vir Fin24.com, waar sy as nagredakteur die middag- en aandskof hanteer. By die huis word hulle besig gehou met hul seuns Lukas (3) en Daniel (18 maande), altwee in die plaaslike kleuterskool waar hulle die soet Britse kinders die skrik op die lyf jaag. En dan is daar nog 'n kleinding op pad in September. Hulle sal maar weer oor so 'n paar jaar slaap!



Klas 2008 se wel en weë

GERT COETZEE

OP 'n Saterdag om 02:00 lui die selfoon my wakker.

“Gert, is dit jy?” sê-vra 'n uisterstem.

Dit is een van klas 2008 se joernalistiekstudente. Hy en nog 'n klaslid lê op hul maag in 'n 'n wolk traangas in 'n Stellenbosse kroeg en bel skelm uit. Rondom klap skote.

Hy wil weet hoe om 'n koerantberig oor dié polisieklomp aan te pak.

Daardie Maandag is *Die Burger* se hoofstorie hieróór. Met 'n grafiese fotoreeks wat dit toelig. In die koerant se e-weergawe, kry die storie die meeste trefslae tot tóé nog. Onder die naamreël van lede van klas 2008.

Die hantering van dié nuusgebeurtenis strook met die praktiese aanslag van die opleiding van die Universiteit van Stellenbosch (US) Joernalistiekskool.

Ek onthou my jaar as Rykie van Reenen-genoot aan dié joernalistiekskool om 'n 1001 redes, maar nié as sabbatsverlof nie, soos baie my wou wysmaak. Dit was gewoon te vol harde werk en lang ure, selfs meer as wat ek in die dagbladjoernalistiek aan gewoond is.

Dis een ding om iets te kan doen; 'n ander om ander te leer hoe om dit te doen. “Showing rather than telling” was al raad.

Naas lesings, skoei ek die module Joernalistiekpraktyk Nuus (JP Nuus) ek dus op gesimuleerde nuussituasies waarvoor “regte” inligting van “regte” bronne verkry moes word vir “regte” berigte met “regte” feite en aanhalings teen spertye.

Vir elk van die 52 opdragte, is 'n meesterberig na die tyd voorgedhou, sodat die beginnerjoernaliste kon sien.

Met kreatiwiteit, remediërende werk (waar nodig) leeringesteldheid, selfopleiding, selfgroei, lewensbegeleiding en verhoudingsintegriteit as hoekstene.

Die deel van die kursus wat ek behartig het, was skaars eentiende van hul opleiding.

Hulle bars ook met die wye reeks ander vakke wat die grondslag lê vir die ware integriteit wat hulle lewenslank as joernalis ontwikkel.

Hoekom die moordende jaar só 'n besondere vervullende een in my loopbaan en lewe bly?

Om die 21 lede van klas 2008 van wie ek die name vir die res van my lewe in alfabetiese volgorde kan afrits, omdat dit in my kop en hart ingegraveer is.

Van “B” vir Nozuko Basson tot “W” vir Amelia-May Woudstra.

Om hul erns oor die joernalistiek, werkywer (meestal), sprankel, kwesbare jong volwassenheid, vriendskap en, en, en...

Dit was 'n voorreg om hulle te leer ken en 'n jaar lank saam met hulle te werk en te speel in Crozierstraat26 se intieme ruimte en al die nuus- en ander plekke in Kaapstad, Stellenbosch, Franschhoek (twee “h”’s!), Johannesburg en Kaapstad wat besoek is.

Nou verskyn hul naamreëls gereeld in *Media 24* se dagblaie. Of laat hulle hul ryp saad elders groei.



Reporting from the

Middle Kingdom

JOHN BAILEY

China is a fascinating, dynamic and tough assignment for any journalist to report from. As the only South African and African broadcast journalist based in China it comes with its own unique opportunities and challenges. The evolving relationship between Africa and China could be one of the most important developments in the international relations of the post-Cold War era. To be based here gives one the opportunity to tell the ever developing story of the profound changes in Africa's relationship with China. The phenomenal growth in trade and investment between various African countries and Beijing is transforming the relationship between the two partners.

China is a changing society. Twenty years after a brutal crackdown against student protesters at Beijing's Tiananmen Square, China's youth are more focused on iPods, designer jeans and buying their first car than political reform. Most of all they are worried about getting well paid jobs and a share of the newfound wealth that many Chinese professionals are enjoying as the economy surges ahead with its tremendous growth.

One of the most challenging aspects of reporting from here is that one lives behind the "Great Firewall". For as much as China has opened up to the outside world 31-years ago and at times have relaxed its laws to give foreign correspondents greater freedom – as was the case during the Olympic Games -, the control over the flow of information is still government policy. Not only are several websites blocked, but international TV channels are also blacked out when Chinese issues are raised that the government deems as politically sensitive.

During my first visit to China in early 2000 I became acutely aware of the preparations for the Beijing Olympics. China was well ahead of schedule and for most the Olympics was seen as China's coming out party. The Chinese did not disappoint. The IOC declared it the best ever Games and it will be difficult for anyone to match the spectacle – although very controlled. Seeing Usain Bolt break the world records in the 100 meters and 200 meters in the icon Bird's Nest stadium as well as experiencing the successes of the South African Paralympic team were truly memorable experiences.



“

Not only are several websites blocked, but international TV channels are also blacked out when Chinese issues are raised that the government deems as politically sensitive.

”



My year at HARVARD

I was acutely aware how privileged I was, and not a day went by that I was not truly grateful for the opportunity I was given by the Nieman Society of South Africa.

I arrived in mid-August 2007, expecting it to be hot in Cambridge and Boston, but not humid. It was like Durban! Fortunately my ground floor flat, in Linnaean Street just off Mass Ave near Porter Square, was surrounded by huge leafy trees in summer so it was cool. In winter, with the trees bare and snow on the ground, the afternoon sun streamed in. I had a wonderful landlady, who was also my neighbour, and we became friends.

I remember feeling a little nervous on our first day, meeting the 29 other Fellows, having to take one's turn to stand up and make one's introduction to the group and staff, but within a short time it felt as if we were one big family. I made some friends that I will have for life.

ACADEMIC COURSES

I did some great courses at the Harvard Kennedy School of Government, and even wrote exams for two of them. Most of the courses had an enormous amount of reading to get through, some from prescribed books, some from papers online, and some from the so-called "course packets" that Kennedy School sold, which contained photo-copied extracts from various sources selected by the professors. (Cost me an arm and a leg to ship these home, with my books. About R6 000 in all.)

I tried to do most of the reading, as that was the way to get most out of the seminars.

TRAVEL

I was lucky enough to travel quite a bit, grabbing every opportunity I could, and it really brought home to me how huge the US is. It is as if there are several smaller countries in different areas.

One such difference is that in the east they call you "miss"; in the west they call you "m'am" and in New Orleans they call you "babe"! I loved that.

FINANCES

The \$3 500 monthly stipend was quite sufficient to cover my living costs for the duration of my Nieman Fellowship. All my travel costs, and any large purchases such as my laptop, I paid for out of the salary that the Cape Times continued to pay me while I was in the US.

The stipend was used to cover rent, medical insurance, electricity, books, internet, phone, food and transport costs. I was very grateful that the *Cape Times* continued to pay me because it allowed me to travel and experience the US.

Of some concern is that future South African Fellows may battle a bit, as US prices were increasing rapidly when I left, mainly because of the oil price. My one-bedroomed, furnished flat, for instance, increased from \$1 650 a month to \$1 900 for the tenant who came after me.